**Meer as 1 miljoen belastingpligtiges onttrek van hulle spaarpot**

**Tshwane, 11 Oktober 2024 -** Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) kondig graag aan dat hulle tot op hede 1,213,646 aansoeke vir belastingaanwysings vir ontrekking uit die spaargeldonttrekkingsvoordeel van die tweepotstelsel ontvang het. Uit die totale aantal aansoeke is 1,148,729 belastingaanwysings goedgekeur vir fondse om vrygestel te word. Die res is vir verskeie redes afgekeur, insluitend, onder andere, foutiewe identiteitsnommers en foutiewe belastingnommers.

'n Totale bruto enkelbedrag van R21.4 miljard is tot op hede uitbetaal.

Ingevolge SARS se voorneme vir belastingpligtiges om van digitale kanale gebruik te maak, is SARS bly om aan te kondig dat die gesimuleerde Whatsapp-sakrekenaar 51,547 keer gebruik is sedert die intrede van die proses. Die gesimuleerde sakrekenaar op die SARS-webtuiste, wat deel uitmaak van die SARS-aanlynnavraagstelsel, is 655,801 keer gebruik. SARS het ook 53,519 navrae deur die stemkanaal ontvang en 8,655 by takke.

Belastingpligtiges word aangemoedig om vol te hou met die gebruik van digitale kanale wat eenvoudig, maklik en gebruikersvriendelik is. Die gebruik van hierdie kanale beteken dat belastingpligtiges nie hul huise of werksplekke hoef te verlaat om in verontwaardigende toue te staan nie.

SARS wil aftreefondsbestuursentiteite bedank vir hulle vriendelike en professionele samewerking wat SARS in staat gestel het om hulle rol doeltreffend te vertolk deur spoedig die nodige volumes belastingaanwysings tot op datum uit te reik.

SARS herinner belastingpligtiges, wat vir 'n onttrekking wil aansoek doen, om seker te maak dat hulle hul belastingnommers verifieer, die korrekte identiteitsnommers verskaf en dat hulle nie uitstaande skuld by SARS het nie.

Na 'n geregistreerde belastingpligtige aansoek gedoen het, lig 'n suksesvolle belastingaanwysing die fondsbestuur in hoeveel belasting om van 'n onttrekking af te trek. Aanwysingaansoeke word 24 uur per dag, 365 dae 'n jaar van 08:00 tot 19:00 deur SARS aanvaar en binne 'n uur geprosesseer. Tensy 'n aanwysingaansoek buite hierdie ure ingedien word, sal die antwoord binne 'n uur aan die fonds gestuur word, mits die belastingpligtige belastingnakomend is.

Voor 'n finale bedrag aan die aansoeker uitbetaal word, sal die pensioenfonds instruksie ontvang om ook enige uitstaande skuld namens SARS af te trek voordat enige uitbetaling aan die lid betaal word. Indien 'n persoon 'n skuldreëling met SARS het, sal die onttrekking nie geaffekteer word nie. Indien skuld aan SARS verskuldig is, sal dit ingevolge sódanige reëling afgetrek word.

Belastingpligtiges word herinner dat belasting op 'n onttrekking gehef sal word teen 'n marginale belastingkoers van 18 - 45%, afhangende van die belastingpligtige se skaal.

SARS Kommissaris, mnr. Edward Kieswetter, het gesê: "SARS is diep bekommerd dat 213,654 belastingpligtiges geïdentifiseer is wat foutiewe belasbare inkomste

verklaar het met die hoop op 'n meer gunstige belastingkoers. As 'n belastingpligtige hulle inkomste onderverklaar, is hul willens en wetens betrokke by die ontduiking van hul belastingverpligting. 'n Boete sal gehef word op belastingpligtiges wat hulle inkomste onderverklaar het. Ten slotte wil ek belastingpligtiges waarsku om hulle van sulke optrede, wat grens aan misdadigheid, te weerhou omdat daar daadwerklike nagevolge vir sulke optrede is".

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.